



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

1 SEPTEMBER 2019

GEMEENTEBULLETIN

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

EREDIENSTE

KWARTAALTEMA			1 September	8 September		
Ons leef in God se KONINKRYK	09:00	Kerk	Oggenddiens Ds. Duvenhage	1	Ds. Potgieter	2
	09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens Ds. Potgieter	9	Ds. Ackerman	6
OGGENDDIENS Allereers God se koninkryk en sy geregtigheid! Matt. 6:33	09:00	Kapel	Meditatief Ds. Dietmann	-	Ds. Dietmann	-
	09:00	Grootsaal	Blokdiens Geen	-	Ds. Breytenbach	-
	18:00	Kerk	Jeugdiens Ds. Ackerman	-	Ds. Ackerman	-
	19:00	Kapel	Aanddiens Mike van Deventer	12	Ds. Potgieter	13

GESINSDIENS

Sosiale
geregtigheid
Lukas 3:7-15

JEUGDIENS

Couch Tuner

DEURKOLLEKTE

Sendeling-
ondersteuning

SOSIALE GEREGTIGHEID VANDAG

Maandag 2 September 19:00 kleinsaal

Spreker: Pastoor Alan Storey, Predikant van die Metodistekerk op die Groentemarkplein in Kaapstad. Alan Storey is bekend vir sy rol as bemiddelaar van sosiale geregtigheid by verskeie projekte in die stads-kom. Hy is 'n gemeenskapsleier en beskryf homself as 'n volgeling van Jesus. Dié inspirerende leier gesels met kerke om vir hulle te wys hoe hulle self by sosiale geregtigheid betrokke kan raak. Kom luister gerus na wat ons by die boeiende spreker kan leer. Geen besprekings nodig nie.

KOFFIE-KAPITAAL

Ons maak nou van 'n nuwe koffieverskaffer, Nagaland Coffee, gebruik. Beproof gerus die nuwe geure vanoggend. Julle terugvoer is vir ons baie belangrik. Die koffie sal saam met 'n soetheid in die markplein bedien word.

JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Kleingroepe begin om 10:00 na afloop van die eredienste.
- JEUGDIENS: 18:00 tot 18:50. Kwartaaltema: *Couch Tuner*
- SENIOR KLEINGROEPE: Na die jeugdiens, 19:00 tot 19:30.
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondag vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom. Kontak die jeugkantoor met navrae.
- RELEVANT: Dis vir jong volwassenes. Ons luister 15 min. lank na 'n aanbieding en gesels dan saam oor die onderwerp. Woensdagaande 19:00 in die jeuglokaal.

EKOLOGIE-KOMPETISIE

Die aarde se gelowiges se verantwoordelikheid om ons natuurskoon te bewaar, is vir die kerkraad 'n groot prioriteit. Daarom word 'n kompetisie uitgelooft waarin ons lidmate uitdaag om met 'n kreatiewe voorstel vorendag te kom oor hoe Stellenberg-gemeente prakties tot bewaring kan bydrae. Die wenner sal 'n groot stamplant van die spekboomfamilie, met komplimente van die Kweek-vir-die-Here-span ontvang. Stuur jou voorstel na navrae@stellenberg.co.za, of skakel 021 976 4519.

VATVYF-UITSTAPPIE

Op Woensdag 4 Sept. besoek ons die besigheid *For the love of concrete*, Brackenfell. Bring asb. een van die volgende saam om in sement te doop: 'n Plastiekblom/vrug, 'n ou skoen, kledingstuk, 'n hoed, of 'n boek. Koste: R50 p.p. Dit sluit die aktiwiteit, tee/koffie en 'n botterbroodjie in. Bespreek by Karin (021 976 4519) voor 2 September. Daar is plek vir 24 mense in die bussies.

MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Hester Johanna Helena Kriel, gebore 27/07/1929 en oorlede op 15/08/2019. Haar roudiens is op Woensdag 21 Augustus in Edelweiss gehou, waar sy ook in die versorgingseenheid was. Ons meegevoel met familie wat sy agterlaat.

KATEGESE

KLEINGROEPE

- Graad 1: Kleinsaal
- Graad 2 en 3: Grootaal
- Graad 4: Bovertrek
- Graad 5 en 6: Kerk
- Graad 7: Jeuglokaal
- Graad 8: Markplein
- Graad 9: Bovertrek
- Graad 10: Grootaal
- Graad 11: Kleinsaal

GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep
Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep
Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep
Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

[ON S LUISTER NA MEKAAR]

Bladsy 3

GEMEENTENUUS PER E-POS & WHATSAPP

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Gemeentebulletin (weekliks) en die Samaritaan en Stellenberger (maandeliks) te ontvang, of *WhatsApp* jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die bulletin op jou selfoon te ontvang.

VOSBURG KAROOKUIER 6 SEPT. 16:00

Ons nooi lidmate, vriende en familie om die Vosburgers volgende Vrydag met hulle fondsinsamelingsprojek te ondersteun. Varsvleisverkope sal weens kleiner voorraad per koper beperk word. Daar sal braaiborde met twee tjops, slaai en wors te koop wees asook hamburgers, boereworsrolle, roosterkoek, ens. Die volgende produkte is ook beskikbaar: kleinkoekies 250g R30; kleinkoekies 500g R60; beskuit 500g R55; saadbeskuit 500g R60; dadelbrood R35; hertzoggies R30 vir 12; koeksisters R40 vir 12.

Vars vleisprodukte:

kerriesosaties R160/kg; tjops R150/kg; potjiekosvleis R100/kg
kerrierib R100/kg; heelrib R95/kg; wors R90/kg;
droëwors R210/kg; wildspasteie R50 elk; biltong R270/kg.

DOOP VANDAG

- Loftie en Danelle Eaton, Fig Tree Landgoed 10, Vygeboom, laat doop vir Sophia Catharina Eaton.
- Brandon Hill en Anneli Kübe, Binnemanstr. 10, Oakdale, laat doop vir Ana Hill.
- Willem en Elmien Treurnicht, Greensleeves 10, laat doop vir Nicolaas Franciscus Treurnicht.
- Ruan en Anja van Niekerk, Solara 29, Sonstraalhoogte, laat doop vir Johannes Sebastiaan van Niekerk.

GEMEENTEKAMP

Vanaf 29 Nov. tot 1 Des. by die *Guano Cave Resort*, Montagu.
Bespreek jou staanplek by die kampeerterrein en dui aseblief aan dat jy deel van Stellenberg-gemeente se blokbespreking is.
Kontakbesonderhede: 084 553 4187 of
www.montaguguanocave.co.za.

EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 5 September
om 15:00 en 15:45 uit
Spreuke 1: Waar begin
wysheid?

BREIGROEP

Ons kom weer Maandag
2 September om 09:30 in
die markplein bymekaar.
Bring jou breiwerk en 'n
vriend/vriendin saam.

WOLSKENKINGS

Die breigroep doen weer 'n
beroep op lidmate om
bruikbare afvalwol vir die
brei van serpe en musse
te skenk. Bydraes kan by
die kerkkantoor afgegee
word.

PREKE OP DIE WEB

Jy kan nou preke van die
web aflaai (download) en
hoef nie meer aanlyn daar-
na te luister nie.
Besoek gerus
www.stellenberg.co.za en
gaan na: luister na preke.

SELFDEGESAGVERHOUDINGS

Die kerkraad het die na aanleiding van heelwat navrae weer besin oor die gemeente se standpunt rakende selfdegeslagverhoudings.

Stellenberg poog om diverse menings in ons hantering van hierdie saak te respekteer en wil daarom nie lidmate wat van hierdie standpunt verskil, vervreem nie, maar eerder akkommodeer. Ons vertrou dat ons as gemeente verenig sal bly in ons strewe om as getuies van Christus nader aan God en mekaar te leef sodat ons 'n verskil in die wêreld kan maak en voortdurend vernuwe.

Op 'n onlangse kerkraadsvergadering het die kerkraad 'n kort dokument waarin hierdie saak aangespreek word, goedgekeur. Besoek gerus ons webwerf om die dokument en ook alle ander ondersteunende inligtingstukke oor die saak te lees. Harde kopieë is by die kerkkantoor beskikbaar. Kontak gerus 'n kerkraadslid of leraar indien u die saak verder wil bespreek.

Ds. Callie Visagie, namens predikante en kerkraad

TAIZÉ-KONFERENSIE 25 TOT 29 SEPT.

Die Taizé-gemeenskap is 'n ekumeniese monnikebediening met 'n sterk fokus op vrede en geregtigheid deur gebed en meditasie. Dié 100 monnikke is van Rooms-Katolieke en Protestantse herkoms en kom van regoor die wêreld. Deesdae is Taizé, een van die mees gewilde Christelike pelgrimsbesoekpunte in die wêreld. Tot 100 000 jongmense besoek die dorpie jaarliks. Vanaf 25 tot 29 September hou die Taizé-bediening 'n konferensie in Kaapstad. Stellenberg is in samewerking met Sonstraal-gemeente by die konferensie betrokke en gaan as sentrale huisvestingspunt vir konferensiegangers van regoor die wêreld dien. Die meeste jongmense sal waarskynlik uit Afrika afkomstig wees. Ons benodig asseblief huisvesting vir ongeveer 16 mense, verkieslik twee persone per gesin. Vir meer besonderhede, kontak gerus vir ds. Marius Breytenbach by marius@stellenberg.co.za/082 376 6053.

STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

EDELWEISS PANNEKOEK
Edelweiss bak op Vrydag 30 Aug. pannekoek. Plaas asb. voor 28 Aug. jou bestelling by ontvangs 021 976 1150.

**SNAPSCAN
SKANDERINGSKODE**

